SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Kobus Mentz

Somer 2022

VAN DIE REDAKTEUR:

Nog 'n jaar het verbygevlieg en die feestyd kom al nader Ek hoop dat 2022 vir almal 'n vreugdevolle, vreedsame en suksesvolle jaar was en dat al jou drome, doelwitte en aspirasies in die nuwe jaar bereik sal word. 'n Besondere woord van welkom aan ons nie-inwonende huiseienaars wat jaarliks die pelgrimstog na Shelley Point aanpak vir hulle vakansie. Julle sal beslis verbaas wees om te sien hoeveel ontwikkeling in ons Landgoed plaasgevind het die afgelope jaar. Shelley Point is beslis 'n juweel !

Ten einde ons Landgoed veilig en in 'n goeie toestand te hou, moet ons seker maak dat ons gaste, besoekers en huurders bewus is van die reëls oor oop vure, troeteldiere, spoedbeperkings en die stort van tuin- en huishoudelike vullis. Onthou asb ook dat vuurwerke nie toegelaat word in die Landgoed nie.

Mag jy en jou familie 'n veilige en gelukkige tyd vol vreugde ervaar hierdie feesseisoen.

Geniet,

Terry

VAN DIE VOORSITTER: (Carlos Gomes):

Om vergaderings byeen te roep deur webgebaseerde toepassings het die "nuwe normaal" geword. Elektroniese platforms het al hoe meer gesofistikeerd geword en bied voordele wat 'n paar jaar en selfs 'n paar maande gelede ondenkbaar was. Hierdie jaar se SPHEV Algemene Jaarvergadering (AJV) sal hibried plaasvind wat beteken dat lede 'n keuse sal om dit óf in persoon by te woon óf deur die *WeconnectU* platform genaamd *Meeting Space*. Hierdie platform is beter as dié wat in vorige vergaderings gebruik is en is ook meer koste-effektief.

Soos dikwels die geval is met tegnologie is daar sekere vereistes en beperkinge en die volgende is nodig om deel te neem:

- Toegang tot 'n stabiele Wifi netwerk met 'n aflaaispoed van minstens 4MBps (en verkieslik meer) is noodsaaklik. Deelnemers moet probeer om die getal toestelle wat aan hulle eie netwerk gekoppel is te beperk tydens die AJV.
- 'n Redelike vlak van rekenaargeletterdheid word van deelnemers vereis ten einde effektief te kan deelneem. As u onseker is hieroor, gebruik gerus die skakel na die opleidingsvideo wat deel van die e-pos sal wees wat Residentia Trust op 1 Desember 2022 sal uitstuur.

Lede kan vanaf 13:50 (CAT) op Vrydag 23 Desember toegang kry tot die aanlyn vergadering. Lede wat in persoon gaan deelneem word versoek om teen 13:30 op Vrydag 23 Desember by die saal te wees.

Lede wat aanlyn sowel as dié wat in persoon aan die AJV deelneem word versoek om hulle slimfone naby te hê aangesien Lede deur middel van 'n selfoontoepassing gaan stem. Die platform bied die volgende voordele:

- Die oomblik as die stemming sluit is die uitslag vir almal beskikbaar. Die "saal" stemme hoef dus nie apart getel te word en dan by die aanlynstemme gevoeg te word nie.
- Die stelsel registreer en ken outomaties die aantal stemme van Lede toe wat meer as een eiendom het of wat proksies ontvang het.
- Die uitslag van die stemming word outomaties in die platform gestoor vir moontlike oudit doeleindes, indien dit later nodig sou wees.

Indien u nie 'n slimfoon het nie (is daar nog sulke SP Lede?) sal 'n plan gemaak word om u te akkommodeer. Dit sal egter beteken dat die stemproses stadiger sal verloop en ons nie van die voordele hierbo gebruik sal kan maak nie.

Belangrik:

- Dit is noodsaaklik om u inligting (en veral e-posadres en selfoonnommer) te verifieer en op te dateer op Residentia se WeconnectU databasis.
- Om u inligting te verifieer moet u aanteken op Residentia se WeconnectU platform. Besonderhede verskyn in die omsendskrywe wat Residentia op 3 November 2022 uitgestuur het.

Laastens wil ek graag die geleentheid gebruik om u en u geliefdes 'n geseënde feestyd en 'n voorspoedige nuwe jaar toe te wens.

Carlos Gomes

SEKURITEITSVERSLAG (Henry Edmunds):

Ek het onlangs op 'n artikel afgekom waarvan die opsomming naastenby die volgende is:

'Hoeveel keer het jy al gehoor dat iemand sê dat hulle veilig is want hulle woon in 'n sekuriteitskompleks, het 'n alarm in hulle motor en huis en bly in 'n aangename buurt? Party sluit nie eers die deure van hul motor of huis nie. Hierdie wyse van argumenteer kan daartoe lei dat jy die slagoffer van misdaad word. Wat is die basiese feite? Ons het dalk selfvoldaan geword as gevolg van ons alarmstelsels, sekuriteitskameras en hoë vlak van tegnologiese hulpmiddels en dink dat dit ons huise, families en besittings sal beskerm. So 'n benadering stel ons juis oop vir gevaar want ons verwag dat al die spesiale toerusting ons sal beskerm. Enige kundige sal kan bevestig dat aandag aan die basiese dinge ons kan help om nie slagoffers van misdaad te word nie.'

Laastens, soos almal weet lê die ‘droë en winderige’ seisoen voor. Gehoorsaam asb die ‘geen oop vure’ beleid en maak seker dat u besoekers en huurders ingelig is oor moontlike brandgevare.

Geslote vure soos in die drie voorbeelde hierbo word toegelaat terwyl ‘oop vure’ soos hieronder verbode is in Shelley Point.

My beste wense vergesel u en ek wens u en u geliefdes ‘n veilige feesseisoen toe.

OMGEWINGSKOMITEE: (Prof. Chris de Beer):

Onlangse gebeure rakende die aktiwiteite van die Omgewingskomitee is reeds gerapporteer in die jaarverslag van die voorsitter van die HEV. Ander sake van belang sluit in:

- ‘n Inisiatief om kameras te installeer ten einde ons wildlewebestuur te ondersteun is geloods.
- In ooreenstemming met die Omgewingskomitee se openbare bewustheidveldtog is ‘n suksesvolle boomplantdag op 1 September gehou. Dit is goed bygewoon deur Lede.

Die boomplantdag op 1 September

TOEGANG: ALGEMENE PUBLIEK

- Dit blyk dat daar onsekerheid onder inwoners mag wees oor die reg van toegang van die Algemene Publiek (Publiek) tot Shelley Point, met die oog op die verkryging van toegang tot en benutting van, die aangrensende Openbare Strande (Strande).
- Dit moet vooraf duidelik gestel word dat die Shelley Point Huis Eienaars Vereniging (SPHEV) nie jurisdiksie het oor ***kuslangse*** toegang tot Strande nie, behalwe om, soos dit ook die reg/plig van ander landsburger is, enige beweerde wetlike oortreding, of misbruik, wat daarop waargeneem word, aan die verantwoordelike owerheidsgesag te rapporteer. Wanneer ***toegang*** tot Shelley Point vir bovermelde verkry wil word, is dit egter 'n ander saak. Daar is in die verband belangrike bepalings in die Konstitusie van die SPHEV opgeneem.
- Ingevolge die toepaslike bepalings van die Konstitusie, en ook met verwysing na die oprigtingsvoorwaardes van toepassing op Shelley Point, is die SPHEV ***verplig*** om die Publiek toegang te verleen, *via* die *"Ou Ingang"* en die openbare servitude geregistreer oor SPHEV Gemeenskaplike Eiendom (Erwe 2893, 2973 en 3032), ook bekend as Golden Mile BLVD, tot en met die parkeerterrein by Shell Bay, asook die Looppad tussen 2de en 3de Straat. ***Additioneel*** hiertoe, soos ook bevestig in die SPHEV Konstitusie, het die SPHEV toestemming verleen dat die Publiek (meestal branderplank ryers) toegelaat word om van die voormelde parkeerterrein ook *via*, Eerste (1ste) Laan, te beweeg tot by die aangewese SPHEV voorsiene parkeerterrein en verkleegeriewe aanliggend tot die seefront. Toegang tot Shelley Point vir die Publiek is voorts ook onderhewig aan voldoening aan die toegangsvereistes soos deur die SPHEV van tyd tot tyd vereis mag word.
- Belangrik om ook te beklemtoon dat die toegang wat aan die Publiek toegestaan moet word, verder beperk word tot die grense van die bovermelde Gemeenskaplike Eiendom van die SPHEV. Sonder die vooraf toestemming van Sekuriteitsdienste en die betrokke eienaar, mag die Publiek geensins privaat eiendom betree nie, en moet die regte van eienaars en inwoners, in alle opsigte, deurlopend gerespekteer word.
- Met die uitsondering van voormelde reelings, is die SPHEV nie bewus van enige ander wetlike verklaarde toegangsroete na die Strande, *via* die Gemeenskaplike Eiendom van die SPHEV nie.
- Verder in bovermelde verband, word 'n beroep op inwoners gedoen, met die oog op die voldoening aan die voorskrifte van toepaslike wetgewing betreffende die lansering van ***gemotoriseerde*** bote en verwante vaartuie, asook die bestuur van ***motorvoertuie*** op Strande, om hulle van enige ongemagtigde optrede in die verband in Shelley Point te weerhou. Aangesien daar nie enige goedgekeurde, en as sodanig amptelik verklaarde Privaat/Publieke Bootlanseringsfasiliteite, soos

bedoel in die toepaslike wetgewing, tans binne die grense van Shelley Point bestaan nie, sal geen toegang tot Shelley Point vir die Publiek, *via* Gemeenskaplike Eiendom, vir die doel toegestaan word nie.

Prof Chris de Beer (Trustee)

SPORT EN SOSIALE AKTIWITEITE:

Gholf (John Huxted): Die somer is hier en almal sien uit na baie gholfdae op die baan. Ongelukkig kom die wind saam met die somer! Heelwat instandhoudingswerk is die afgelope aantal maande aan die baan gedoen. Die lente-instandhouding het 5 dae van harde werk deur die baanpersoneel beteken. Die gras is gesny, sandkuile is reggemaak en verskeie ander take is uitgevoer. Na my mening lyk die baan die beste in jare veral te danke aan die toewyding van ons baanpersoneel en die installering van nuwe besproeiingstelsels op die derde en vierde putjies.

In Oktober het die NG Kerk hulle jaarlikse gholfdag gehou en 48 spelers het deelgeneem aan ‘n 2-bal *scramble*. Baie plaaslike maatskappye het die geleentheid ondersteun en ‘n plaaslike eiendomsagent, KBS, het ‘n verwelkomingsgeskenkie aan die deelnemers gegee.

In Desember wag daar ‘n vol program wat insluit die Kaptein se Welsynsdag op Saterdag 3 Desember en die jaarlikse Lede-pretdag op Saterdag 17 Desember. Tydens die Kaptein se Welsynsdag word fondse ingesamel vir HP Williams Primêre Skool en alle inkomste word aangewend om hulle projekte te ondersteun. Die formaat is ‘n 2-bal Amerikaanse *scramble* en die dag neem om 9:00 ‘n aanvang. Spelers wat belangstel om deel te neem word versoek om Pro-Shop by 022 7421037 te skakel.

Klubfooie moes in Oktober betaal gewees het en aanduidings is dat ons tans meer as 70 lede het wat insluit ‘n aantal in die nuwe ‘virtuele lid’ kategorie. Laasgenoemde stel lede in staat om ‘n GolfRSA nasionale voorgee te kry. Alhoewel virtuele lede nie al die voordele van volle lidmaatskap geniet nie, kan sodanige lede aan kompetisies deelneem en affiliasiefooie betaal. Nuwe spesiale tariewe word ook tans bekendgestel wat ten doel het om spelers aan te moedig om gedurende weeksdae te speel. Vir meer inligting sien die kontakbesonderhede in die gids aan die einde van hierdie nuusbrief. Lekker speel !

Rolbal (Marius Jacobs): Die Shelley Point Rolbalklub het nou 20 lede nadat ‘n werwingsaksie in Junie van stapel laat loop is. Veertien van hierdie lede het aan ‘n baie aangename Lentedagviering toernooi deelgeneem .

Ons rolbalfasiliteite word al beter danksy die samewerking en bydraes van ons klublede, die klubvoorsitter, die baanopsigter en ander personeel. Ons lede haal gereeld onkruid en kikoejoegras op die baan uit. Daar is ook gordyne in die badkamers opgesit. ‘n Groot dankie aan een van ons lede, Braam Cronje, wat ‘n plaatjiebord gemaak het wat gebruik word vir die kies van spanne en ook die speelveld aandui.

Die jaarlikse rolbalkampioenskap is in April gehou en is deur Etienne Coetzee gewen met George Wade in die tweede plek. Behalwe dat Etienne die klubkampioen is spandeer hy baie tyd aan opleidingsessies aan beginners en enige persoon wat die spel wil leer ken. Ons sien daarna uit om vroeg volgende jaar ‘n groep van 24 spelers van die Verenigde Koninkryk hier te ontvang. Hulle beplan ‘n Weskustoer en sal Langebaan, Velddrif en Yzerfontein aandoen. ‘n Wedstryd met hulle is vir 11 Februarie 2023 geskeduleer.

Ons speel gedurende die somermaande weekliks op Dinsdae en Vrydae om 9:00. Vir meer inligting sien die kontakbesonderhede in die gids aan die einde van hierdie nuusbrief.

Tennis: (Marquin Strauss): Daar was die afgelope aantal maande groot belangstelling in ons tennisklub en ons oorweeg daarom om die weeklikse sessies na twee te vermeerder. Ons sien daarna uit om gedurende die feestyd ook nie-inwonende huiseienaars wat besoek gaan aflê hier te sien speel. Ons begroting is baie gesond en ons gaan ons bes probeer om dit so te hou in die toekoms. Vir meer inligting sien die kontakbesonderhede in die gids aan die einde van hierdie nuusbrief.

Brug (Terry Mackintosh): Die jaarlikse Kersfees Brugtoernooi vind op Vrydag 9 Desember plaas by die Shelley Point Sport en Sosiale Klub. Spelers van oraloor die Wes-Kaap het geregistreer om deel te neem - van Yzerfontein, Darling, Port Owen, Velddrif en selfs Kaapstad. Uiteraard sal daar ook spelers van Shelley Point wees wat hoop om die plaaslike vlag hoog te laat wapper.

Ons nooi alle belangstellendes uit om by ons aan te sluit. Alle vaardigheidsvlakke is welkom – van beginner tot ervare. Vir meer inligting sien die kontakbesonderhede in die gids aan die einde van hierdie nuusbrief.

Poker (Angelique Dermit): .

Die Pokerklub is begin met die doel om nog ‘n vorm van ontspanning aan huiseienaars en inwoners te verskaf en terselfdertyd te ontspan, nuwe mense te ontmoet en, belangrikste van alles, om pret te hê! Deelnemers het dit so aangenaam gevind dat baie versoeke ontvang is om die aanbod uit te brei. Ons span is reeds besig om addisionele geleenthede te beplan.

Maar terug na Poker toe … die klub se gewildheid het so toegeneem dat ons doel nou is om minstens 4 pokertafels per sessie gereed te maak. Spelers geniet dit aangesien daar nie die gewone druk is wat in ‘n professionele spel ondervind word nie. Slegs ‘n eenmalige R50 per tafel word aanvaar en wenners ontvang ‘n maksimum van R250 per tafel.

Vir die beginners en nuwe spelers wat wil deelneem sal daar ‘n kort opleidingsessie aangebied word in die uur voordat elke toernooi begin. Meer ervare spelers sal ook graag die minder ervare spelers tydens spel

ondersteun. Die kleredragkode is deftig en elke speler word versoek om 'n bordjie eetgoed vir die buffet tafel te bring sowel as eie drinkgoed.

September wenner Mike Parker

Vanaf Januarie 2023 sal 'n jaarlikse ledegeldfooi van R100 deur die Speleklub gehef word. Dit sal lede in staat stel om deel te neem aan Pokeraande sowel as ander speletjies-aande deur die loop van die jaar. Besoekers hoef nie die jaarlikse ledegeld te betaal nie maar sal wel gevra word om 'n fooi te betaal vir die aand wat hulle deelneem. Fondse wat vir ledegeld ingesamel word sal aan 'n welsynsorganisasie geskenk word waarop die Pokerklub sal besluit. Lede wat aan die welsynsorganisasie R100 wil skenk sal outomaties lede van die klub word. Fondse wat deur die speletjies-aande ingesamel word sal aangewend word vir tafeldoeke, verbruikbare items en pryse.

Die wenners tot dusver is Aldo Fourie (Augustus), Mike Parker (September) en Driekie Parker en Johan Groenewald (Oktober – onderskeidelik Tafel 1 & Tafel 2). Op 15 Desember sal daar 'n finale uitspeel tussen al die wenners tot en met einde November wees. 'n Poker jaareindfunksie vind op 29 Desember plaas waartoe elke persoon 'n bydrae van R100 moet maak. 'n Strandpartytjie sal plaasvind met 'n verwelkomingsdrankie, prysuitdeling en musiek. Neem die vrymoedigheid om jou familie en vriende saam te nooi na hierdie pret-aand. Neem kennis dat Pokeraande plaasvind op die laaste Donderdag van elke maand en en as gevolg van die beperkte plekke moet diegene wat belangstel lank voor die tyd plek bespreek. Vir meer inligting kan Angelique geskakel word by 0824821741.

Dames fiksheidsklasse: (Tanya Schillerman): Wil jy graag goed lyk in jou bikini in die feestyd? Of van daardie ekstra paar kilo's ontslae raak wat ons tydens die feestyd bekruip? Geen probleem – sluit aan by *Women Making Moves*, 'n fiksheidsgroep wat elke Maandag en Saterdag in die *Breakaway* saal van die Shelley Point Sport & Sosiale Klub ontmoet. Volgens Karin d'Orville, 'n Shelley Point inwoner en aktiewe deelnemer, is daar drie instrukteurs wat klasse vir dames van alle ouderdomme aanbied, maar veral fokus op die ouderdomsgroep 40-75 jaar. Daar is tans 74 aktiewe lede en dit groei steeds! Karin noem ook dat die fokus daarop is om dames sterker te maak terwyl daar aan buigbaarheid en fiksheid gewerk word. Dit word gedoen in 'n verskeidenheid klasse wat insluit *Strong Nation HIIT, Zumba, Zumba Gold, Zumba Toning, Aqua Zumba, Yoga,*

Meditation (Yoga Nidra), Body Sculpting, Tabata, Pound The Rockout Workout, PiYo Ball, Pilates en Rebounding. 'n Groot verskeidenheid en jy sal nooit verveeld wees nie!

Die dames kom ook dikwels sosiaal bymekaar om alle lede tuis te laat voel. Hulle reik ook uit na die naburige gemeenskap deur netbalwedstryde te speel om geld vir minderbevoorregtes in te samel. Vir verdere inligting kan Tanya by 0762877412 geskakel word. Klasse moet vooraf bespreek word en voordat jy aansluit sal jy 'n instrukteur ontmoet vir 'n kort bespreking en 'n mini-evaluering.

Kajakroei (Billy Fisher): Ons het vanjaar 'n wonderlike seisoen gehad met 'n groot toename in belangstelling in kajakroei. Baie plaaslike inwoners het ingeskakel by sommige kommersiële vaarte en het dit baie geniet. Die somer is met ons en die water en wildlewe roep. Waarom nie uitroei en die prag van Shelley Point se kuslyn ervaar nie? Ons sien gewoonlik dolfyne en robbe en moontlik ook pikkewyne, walvisse en otters. Enige een met 'n eie kajak is welkom om by een van die kommersiële vaarte aan te sluit vir geselskap en veiligheid teen geen ekstra koste. Kry meer inligting in die gids aan die einde van die nuusbrief.

DIE LEWE IN SHELLEY POINT

Bou-aktiwiteite: (Aldo Fourie): Sedert ons vorige verslag lyk dit nie of die moeiliker markomstandighede 'n noemenswaardige invloed op bou-aktiwiteite gehad het nie. Bouplanne word steeds voorgelê en nuwe boupersele word teen 'n goeie tempo oopgemaak. Dit lyk asof eienaars soveel moontlik bouwerk wil laat doen voor die Desember bouvakansie wat vanaf 15 Desember 2022 tot 16 Januarie 2023 duur.

Met die toename in wind hierdie tyd van die jaar word dit 'n groter uitdaging om ons boupersele netjies en in 'n goeie toestand te hou. Ons boukontroleurbeampte maak egter seker dat bouers voldoen aan die reels van die Landgoed – inderdaad 'n voltydse werk. Dankie aan die bouers wat hulle samewerking gee en poog om die minste moontlike ontwrigting te veroorsaak vir ons bestaande huise en inwoners. Hou in gedagte dat Shelley Point tans 'n ontwikkelende en baie gewilde Landgoed is!



Kwartaal 4 se data is soos op 14/11/2022
Bouplandata sluit veranderinge aan bestaande huise in

Reënval: Volgens ons reënvalmeter, Henri Roux, het Shelley Point in die kwartaal vanaf 15 Augustus tot 14 November 'n totaal van 23.0 mm ontvang. Data ontvang ná 14 November sal in ons volgende nuusbrief, wat vroeg in Maart 2023 verskyn, gerapporteer word.

Shelley Point Sterre en Staatmakers (SPN Span): Daar is 'n groot aantal Shelley Point huiseienaars wat sukses behaal op verskeie terreine. Ons het besluit om hierdie nuusbrief as 'n vertoonvenster vir hulle prestasies te gebruik. Indien lesers van enige iemand weet wat 'n besondere prestasie behaal het en wat bereid sal wees om 'n onderhoud aan ons toe te staan, stuur asb 'n e-pos aan my by shelleypointnews@gmail.com. Pieter Viljoen het met die idee na vore gekom en het ook onlangs 'n publikasie, *Shelley Point Flora*, die lig laat sien. Ons het daar en dan besluit om ons eerste onderhoud met hom te voer. Hier gaan ons …

***Redakteur**:* Pieter, ek verstaan dat jy 'n e-boek gepubliseer het oor Shelley Point se flora. Vertel ons waarom jy daaarop besluit het.

PV: Plantidentifisering is een van my stokperdjies. Ek is relatief nuut hier en nie bekend met die Strandveld nie. Daarom het ek besluit om 'n Plantstiplys vir SP daar te stel. Verder plaas mense dikwels foto's van wilde blomme op die *SP Fauna and Flora* Whatsapp groep met die versoek dat iemand dit identifiseer. Aangesien daar 'n hele aantal plante in SP is wat bewaar moet word het ek besef dat 'n fotogids inwoners sal help om om plante te identifiseer en terselfdertyd wou ek bewustheid van ons plaaslike plantdiversiteit kweek.

Redakteur: Jy het duidelik baie kennis en ervaring in hierdie veld. Vertel ons meer oor jou kwalifikasies en werkservaring hierin?

PV: Ek is 'n Saasveld-opgeleide bosbouer, maar het ook grade in Botanika en Dierkunde. In my loopbaan het ek al navorsing gedoen oor konflik tussen die mens en die wildlewe, boskultuur, grondrehabilitasie en onkruid by die voormalige staatsdepartement verantwoordelik vir Bosbou en ek het ook by die WNNR gewerk. Ek werk vir myself en het nasionale en internasionale ervaring as ouditeur, praktykkundige en opleier in die velde van Bosrentmeesterskap, omgewingsimpakstudies, bosbrandbestuur, kwekerypraktyk, volhoubare brandhout en bestuur van natuurlike hulpbronne.

Redakteur: Hoe het jy te werk gegaan om die e-boek te skryf en te publiseer en was daar enige uitdagings in die proses?



PV: Die grootste uitdaging was om die spesies te identifiseer en om foto's te kry wat die plant in geheel wys sowel as die blomme en vrugte. Dit het beteken dat die plante vir al vier seisoene van die jaar gemonitor moes word. Interaksie met die ekologie moes ook waargeneem word. Waar ek nie voldoende foto's gehad het nie het Mariette Jearey gehelp en Helena Bührman het met die blink idee vorendag gekom om 'n e-boek te laat verskyn en nie 'n gedrukte kopie nie. Nou kan ek nuwe inligting deurlopend bywerk .

Redakteur: Baie van ons lesers sal beslis belangstel om hierdie e-boek in die hande te kry. Kan jy asb 'n skakel voorsien sodat ons dit kan aflaai en hoeveel kos dit?

PV: Die e-boek is gratis beskikbaar op die SPHEV webblad.

Krag- en wateronderbrekings in Shelley Point (SPN Span): Die afgelope tyd het ons nie net met ongekende beurtkrag te doen gehad nie, maar daar was ook heelwat beplande wateronderbrekings as gevolg van algemene onderhoud en herstel. Ons het egter ook heelwat *onbeplande* onderbrekings in krag- en watertoevoer gehad wat gewoonlik die resultaat was van toerusting soos 'n transformator wat opgeblaas het, 'n gebarste waterpyp ens. Dit het natuurlik groot ongerief veroorsaak onder huishoudings wat alreeds ly as gevolg van die beplande onderbrekings. Wanneer sulke onbeplande onderbrekings plaasvind kontak baie huiseienaars die Landgoedbestuurder om die saak te rapporteer. Ons Landgoedbestuurder, Sekuriteitsbestuurder of Onderhoudsbesturder is egter nie verantwoordelik vir krag- of waterprobleme in die Landgoed nie. Hulle kan ongelukkig ook nie enige iets daaraan doen nie. Hulle weet net soveel of so min soos ons as hierdie onderbrekings plaasvind. Huiseienaars moet die betrokke departement by die SBM skakel en inligting soos hulle rekening- of meternommers gee en sal dan gewoonlik 'n verwysingsnommer by die SBM kry. Die SBM het 'n kontraktuele verantwoordelikheid om die dienste waarvoor betaal word te verskaf. Dus, as enige probleme ontstaan moet die munisipaliteit dit aanspreek. Die Landgoedbestuurder kan glad nie help nie en kan nie vir jou sê wat die probleem is en hoe lank dit sal neem om opgelos te word nie.

Terwyl ons hieroor praat, onthou asb om die *digital citizen* app af te laai. Dit vergemaklik kommunikasie met die munisipaliteit. Gaan na die App Store en soek vir *Saldanha Digital Citizen*. Registreer as gebruiker – dit is vinnig, maklik en effektief.

Waterveiligheid (Billy Fisher): Die Weskus, en veral Shelley Point, het een van die mooiste kuslyne in die land met pragtige baaitjies, rotspoele en lang sandstrande. Ongelukkig skuil daar ook gevaar in die vorm van onvoorspelbare seestrome, dik mis en loeiende wind wat dikwels uurliks kan verander. As gevolg hiervan is daar voorbeelde waar besoekers en inwoners hulleself en hul gesinne in gevaar bevind het nadat hulle in die see was onder gevaarlike omstandighede. Sommige mense is ook al die see ingetrek en kon gelukkig gered word sonder lewensverlies.

'n Paar plaaslike inwoners wat bekommerd was oor die gevare en die moontlike verlies aan lewens het besluit om 'n WhatsApp groep te stig waar inligting gedeel kan word. Hulle borg ook die NSRI se lewensreddinggordels op die hoofstrande en is beskikbaar vir bystand in die geval van 'n noodsituasie. Daar was ook gesprekke met die Sport en Sosiale Komitee wat die saak ondersteun en wat versoek het dat 'n aksieplan voorgelê word.

Enige inwoner van Shelley Point wat 'n watervaartuig en/of ervaring op die see het word vriendelik versoek om by die WhatsApp groep aan te sluit indien hulle hulp kan verleen. Kontak Adrian van die groep by 0842409909. Meer inligting oor die vordering met hierdie insiatief volg in die volgende Nuusbrief.

Veselinstallasie in Shelley Point (SPN Span): Die installasie van veselkabels in die Landgoed het vroeg in November begin en volgens 'n skrywe van die HEV wat op 27 Oktober uitgestuur is sal die werk teen 28 Februarie 2023 voltooi wees.

Spoedoortredings in die Landgoed (SPN Span): Die spoedbeperking in die Landgoed is 40 km per uur. Dit word egter dikwels geïgnoreer deur kontrakteurs, taxi's, gaste en selfs inwoners. Dit was daarom nodig om addisionele spoedhobbels te bou en kameras te installeer. Neem asb kennis dat enige spoedoortreder vanaf 12 September 'n boete op die lyf kan loop. Maak seker dat jou gaste, besoekers en huurders hiervan bewus is.



Rotspoele deur Henri Roux

BEWARINGSHOEKIE: (Pieter Viljoen):

Manatoka – die stille indringer: Op die Saldanhabaai Munisipaliteit se webblad is daar 'n ses-bladsy dokument met die titel: *Manatoka: "The Silent Invasion"* waarvan die outeur Johan West, besturende direkteur van die *Green Africa Group* is. Die dokument beskryf die boom en die negatiewe invloed daarvan op die omgewing en noem dat dit 'n indringerplant in Suid-Afrika is. Dit is inheems aan die kusareas van Suid-Australië waar dit bekend staan as *Common Boobialla*. Die boom word in die Nasionale Omgewingsbestuur: Diversteitswet (Wet 10 van 2004) gekategoriseer as 'n Kategorie 3 indringerplant. Dit beteken die boom mag nie geplant of verkoop word nie en eienaars moet dit onder beheer hou op hulle grond. Die boom is droogtebestand en en verdra sout en ontkiem maklik in ons semi-woestynarea. Vrugte-etende voëls en die Kaapse Hoekige Skilpad eet die sade. Dit is gewild om te kweek en word ongelukkig in Shelley Point aangeplant vir doeleindes van omheining en skaduwee. Dit versmoor egter die Strandveld plantegroei en het baie min ekologiese voordele – ons plaaslike bokkies eet dit nie en dit word ook nie deur bye of skoenlappers besoek nie.

Manatoka is een van die bekendste bome aan die Weskus en word oral aangetref. Soos vroeër genoem is dit ons wetlike plig om nie die boom te plant nie, maar om dit te beheer of uit te haal waar moontlik. Die SP Omgewingsbeleid en -riglyne ondersteun hierdie wetsbepaling. Suid-Afrika het baie wonderlike inheemse bome wat geskik is vir ons klimaat en die volgende word in die plek van die Manatoka aanbeveel: - Bloukoeniebos*, Duinekraaibessie*, Kuskanferbos*, Kei-appel*, Witolienhout, Karee, Witkaree en Soetdoring. As jy graag 'n groot boom wil aanplant, sal spesies soos die Kuskoraal, Kusvaalbos*, Wilde olyf, Wit melkhout, Karooboerboon en Wildepruim goed aard indien dit reg geplant en versorg word. Dit sal ook die plaaslike wildlewe na jou tuin toe lok. (* Geskik vir heinings).

Myoporum insulare – mooi, maar gaan verby

Wilde katte (SPN Nuusspan): Dit het onder ons aandag gekom dat daar huiseienaars en inwoners op die Landgoed is wat dit hulle plig ag om wilde katte weg te jaag, af te skrik en selfs dood te maak. Daar is blykbaar huiseienaars wat die katte met windbukse, pylgewere en ketties skiet en selfs so ver gaan om hulle te probeer vergiftig. Neem asb kennis dat sulke aktiwiteite onwettig is en oortreders sal by die DBV of ander dierewelsynsorganisasies gerapporteer word en kan vervolging in die gesig staar. Hou in gedagte dat die verwydering van wilde katte uit 'n omgewing net 'n vakuum skep wat wilde katte van naburige omgewings sal vul. Kom ons aanvaar eerder ons grootliks-gesteriliseerde groep wilde katte as om geleenthede te skep vir 'n nuwe geslag katte van buite Shelley Point om in te beweeg. Die foto is van 'Sibs, wat op die Landgoed bly en 'n paar jaar gelede al gesteriliseer is. Hy is wel mooi, maar kan nie 'n nageslag hê nie.

SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	**Naam**	**E-pos**	**Telefoon**
Landgoedbestuurder	Aldo Fourie	manager@sphoa.co.za	0665295682
Administrateur	Deirdre de Lange	admin@sphoa.co.za	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	ShelleyPointSecurity@servest.com	082 615 4883
Sekuriteitskantoor	Beheerbeamptes	Geen	022 742 1380 022 742 1888 066 359 4273
Gholfwinkel/klubhuis	Ilse Lawrence	shelleypcc@gmail.com	022 742 1037
Gholfkaptein	John Huxted	john.huxted1@btinternet.com	063 762 8034
Rolbalkaptein	Marius Jacobs	Marius.jacobs020@gmail.com	0609754495
Tenniskaptein	Marquin Strauss	marquinstrauss@hotmail.com	073 203 2411
Brugkaptein	Terry Mackintosh	didge28@gmail.com	076 600 4641
Poker/Spele	Angelique Dermit	office.dermotech@gmail.com	0824821741
Joga	Derri Crockett	derri@sailing.co.za	083 303 1546
Dames fiksheidsgroep	Tanya Schillerman	azzurrablubijooux@gmail.com	0762877412
Kajakroei	Billy Fisher		0828055363
Waterveiligheidsinisiatief	Adrian Oelofse		0842409909
Gemeenskaps-kennisgewingbord	Chris Roberts	chezroberts@mweb.co.za	076 783 2035
SA Polisiediens	St Helena Bay		022 736 8060
SA Polisiediens	Nasionaal		10111
Ambulans	Nasionaal		10177
Selfoon nooddiens	Nasionaal		112

WHATSAPP GROEPE		
	Administrateurs	
Shelley Point Info	Karen Crooks	082 823 0919
	Karin Board	082 215 8423
Shelley Point social mob	Pieter Swanepoel	079 607 2127
	Charmaine Swanepoel	082 896 5491